kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Soek versus kyk. En almal soek jou!

Skriflesing: Markus 1:29-39 en Psalm 147

## Broodjies vir die pad

"Whatever it is you're seeking won't come in the form you're expecting."
— Haruki Marukami

"Be patient toward all that is unsolved in your heart and try to love the questions themselves, like locked rooms and like books that are now written in a very foreign tongue. Do not now seek the answers, which cannot be given you because you would not be able to live them. And the point is, to live everything. Live the questions now. Perhaps you will then gradually, without noticing it, live along some distant day into the answer."
— Rainer Maria Rilke

"The real voyage of discovery consists not in seeking new landscapes, but in having new eyes."
— Marcel Proust

"When someone seeks," said Siddhartha, "then it easily happens that his eyes see only the thing that he seeks, and he is able to find nothing, to take in nothing because he always thinks only about the thing he is seeking, because he has one goal, because he is obsessed with his goal. Seeking means: having a goal. But finding means: being free, being open, having no goal."
— Herman Hesse, Siddhartha

Herman Hesse's classic novel has delighted, inspired, and influenced generations of readers, writers, and thinkers. In this story of a wealthy Indian Brahmin who casts off a life of privilege to seek spiritual fulfillment. Hesse synthesizes disparate philosophies--Eastern religions, Jungian archetypes, Western individualism--into a unique vision of life as expressed through one man's search for true meaning.

Hermann Hesse was a German-Swiss poet, novelist, and painter. In 1946, he received the Nobel Prize for Literature. His best known works include Steppenwolf, Siddhartha, and The Glass Bead Game (also known as Magister Ludi) which explore an individual's search for spirituality outside society.

www.goodreads.com

"The essence of being human is that one does not seek perfection."
— George Orwell, In Front of Your Nose: 1945-1950

"Seeking what is true is not seeking what is desirable."
— Albert Camus, The Myth of Sisyphus and Other Essays

**Net pietersielie**

Net pietersielie
en 'n takkie
suurlemoen-verbena.

Roket se neutegeur
in jou mond
en donker, diep
koffie by jou neus.

Net kanferfoelie
en 'n blaartjie
van tamatie
het jy nodig.

Het jy nodig
om mens te wees,
te weet jy is hier
saam met
haar
wat ruik soos weilande,
die glimlag van appelkose,
nat grond na die reën,
vars sonskyn deur die klam wolke.

Net pietersielie
en die ander klompie
het jy nodig
om hier te wees.

*De Waal Venter*

"There is a fragrance in the air, a certain passage of a song, an old photograph falling out from the pages of a book, the sound of somebody's voice in the hall that makes your heart leap and fills your eyes with tears. Who can say when or how it will be that something easters up out of the dimness to remind us of a time before we were born and after we will die?"
— Frederick Buechner, Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale

"Human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but ... life obliges them over and over again to give birth to themselves."
— Gabriel García Márquez

"When soul is neglected, it doesn't just go away;
it appears symptomatically in obsessions, addictions, violence, and loss of meaning."
— Thomas Moore

"Spirituality is seeded, germinates, sprouts and blossoms in the mundane. It is to be found and nurtured in the smallest of daily activities."
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

## Woorde kan sulke onbeholpe goed wees, W

*Dana Snyman*

Ons het geweet dit gaan nie goed met jou restaurant nie, W. Al hoe minder mense het by die tafeltjies gesit wanneer ek daar instap.

Ek het maar stilgebly, en gehoop dinge verander gou.

Jy het nooit gepraat oor jou bekommernis nie, maar 'n mens kon dit sien. Dikwels het jy met 'n moedige glimlag kom groet en dan weer voor jou skootrekenaar by daardie agterste tafeltjie gaan sit, met 'n frons op die voorkop. 'n Moedelose stapeltjie fakture by jou.

Hierdie virus maak 'n mens wantrouig oor die kleinste dingetjies. Ek sal effentjies hoes, en dadelik wonder of dit nie dalk 'n droë hoesie was nie. 'n Gewone hoofpyn laat jou paniekerig wonder: Moet ek my nie môre laat toets nie?

Ek kon ook aan die inhoud van die koelkas agter jou kroegtoonbank sien dit sukkel. Daar was in die laaste ruk nie meer allerhande soorte bier uit België en ander plekke nie. Slegs plaaslike bier en 'n paar botteltjies Savanna, Hunter's en ander flou goeters. Selfs voor die laaste verbod op die verkoop van drank was dit al so.

Stap ek in die laaste ruk by 'n restaurant in, kyk ek eerste wat en hoeveel daarvan in die koelkaste is. Dit is die droë hoesie van 'n restaurant. Hoe minder daar in die koelkaste is, hoe groter is die kans dat die plek toe gaan wees wanneer jy weer daar kom.

So 'n leërige, verwese koelkas maak my verdrietig.

Jou restaurant was jou droom. Jy het vir hoeveel jaar in Gauteng gewerk, kantoor toe en terug, kantoor toe en terug; en toe jy die dag besluit om die skeidingspakket by die maatskappy te aanvaar, het jy presies geweet wat jy met die geld gaan doen: Jy gaan die restaurant by die see koop. Jy en jou vrou en jou kinders gaan nie meer net met vakansie see toe nie, julle gaan nou by die see woon.

Jy wou nie ryk kom word nie. Jy wou net kom wees wie jy nog altyd geglo het jy is. Jy hou van kosmaak en om mense gelukkig te sien. Jy wou laatmiddag sit en kyk hoe die son in die see wegsak, die reuk van gebraaide vis in die lug, en mense wat rondom jou lag.

En vir 'n ruk was dit nogal só. Ons het lekker geëet en gekuier by jou. Jy het die plek mooi gemaak en ordentlike musiek gespeel. Een middag selfs 'n bietjie Mozart.

Toe, verlede jaar, kom maak hierdie virus alles anders in die wêreld. Dit bring weinig troos om vir jou te sê jy is nie die enigste een nie, oral maak restaurante toe. Oral nóg mense sonder werk.

Ek kan nie eens na jou toe kom en my hand op jou skouer sit nie, te bang die virus is dalk in my en ek gee dit vir jou.

Daarom stuur ek vir jou hierdie woorde, W. Elke keer wat ons in jou restaurant was, was die lewe 'n bietjie mooier en genadiger plek.

Maar woorde kan ook sulke onbeholpe goed wees.

Ek weet nie mooi wat anders om vir jou te sê sonder om vals te klink nie. Liefde. D.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/woorde-kan-sulke-onbeholpe-goed-wees-w-20210201-3

# Brood vir die pad

## Hernude droom van broederskap en vriendskap

*RRV*

Die afgelope week het die nuwe Amerikaanse president by sy inhuldiging – soos ook ander sprekers by dié geleentheid – die verlange na, en verbintenis tot, eenheid te midde van verdeling en polarisasie verwoord. En in 'n onlangse boodskap het die moderator van die algemene sinode van die NG Kerk genoem dat die kerk se aandag nie nou by uitsluiting en stryd hoort nie, maar by ondersteuning en sorg.

Hierdie soort opmerkings kan heenwys na die behoefte om eng en kortsigtige lojaliteite te oorstyg vanuit 'n ruimer visie, ook geloofsvisie, van ons gedeelde mensheid.

Teen hierdie agtergrond verdien die jongste ensikliek van pous Franciskus ook om deeglik gelees en bespreek te word, weens die inhoud én toonaard. Dit heet Fratelli tutti ("Alle broeders"), getrou aan die gebruik om pouslike skrywes na hul openingswoorde te vernoem. Hierdie dokument is verlede jaar op 3 Oktober deur die pous in Assisi onderteken en het "broederskap en sosiale vriendskap" as tema. Die pous se boodskap in Fratelli tutti sluit nou aan by hoe sy Middeleeuse naamgenoot sy broers en susters aangespreek het, met die heilige se gepaardgaande visie van 'n lewe van broederlike openheid waarvolgens ons alle mense – ongeag hul stand of afstand – erken, waardeer en liefhet.

Vir pous Franciskus is dieselfde openheid van hart wat die heilige van Assisi se lewe gekenmerk het in ons dag uiters nodig, ook in die lig van die uitdagings van die wêreldwye pandemie. Hoewel ons op 'n wonderbaarlike manier via die internet en kommunikasiemiddele aan mekaar verbind is, sien ons tog groter isolasie en groeiende fragmentering. Daarom die noodsaak van 'n wyer visie van suster- en broederskap waarvolgens almal gerespekteer word. En almal se waarde en waardigheid erken word. Dít is die droom wat volgens pous Franciskus saamgedroom moet word, want: "By ourselves we risk seeing mirages, things that are not there. Dreams, on the other hand, are built together." Waarop sy oproep volg: "Let us dream, then, as a single human family, as fellow travellers sharing the same flesh, as children of the same earth which is our common home, each of us bringing the richness of his or her beliefs and convictions, each of us with his or her own voice, brothers and sisters, all."

Só 'n gemeenskaplike visie staan teenoor 'n kultuur van ongeërgdheid oor ander en ons planeet. Dit verg 'n beter soort politiek. Dit sê nee vir isolasie en ja vir dialoog; nee vir geslotenheid en ja vir nabyheid en ontmoeting.

In kort: dit vra vir 'n openheid van hart.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-hernude-droom-van-broederskap-en-vriendskap-20210123

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877